Sing vooraf staande: Psalm 119:1 (p. 585)

1 Salig wie in hul opregtheid / wandel in die HEER se wet,
wie Hom soek van ganser harte / en op sy getuig'nis let.
Salig dié wat in hul wandel / nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë / in Gods wet vir hul gebaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 99:1, 2 (p. 492)

1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde͡en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!

2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

Gebed

Psalm 1:1, 2 (p. 1)

1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Skriflesing: Eksodus 20:1-20; Romeine 11:33-12:2; Heidelbergse Kategismus, Sondag 34:92-93

Kernvers: Eksodus 20:2 en Romeine 12:1

Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. (Eksodus 20:2 AFR1983)

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.(Romeine 12:1 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie gebooie aangekondig (Eks 20:1-17; Deut 5:6-21): Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

Die eerste gebod
Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod
Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van

die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat. En Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.

Die derde gebod
Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod
Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God. Dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod
Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Die sesde gebod
Jy mag nie doodslaan nie.

Die sewende gebod
Jy mag nie egbreek nie.

Die agtste gebod
Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod
Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod
Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?
Antwoord: In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede, in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b). *Deut 4:13; Eks 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37-40.*

Tema: Die Tien Gebooie: God se riglyn vir ons liefde en dank

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons gehoor wat ware bekering is. Ons bely dat ons deur die krag van die Heilige Gees elke dag hoe langer hoe meer die ou mens in ons afsterf en gelyklopend hieraan wek die Heilige Gees in ons die nuwe mens op. Die ou mens in ons is daardie geaardheid om in opstand teen God te lewe deurdat ons doen waarvoor ons lus het of die Here dit nou goedkeur of nie. Inderwaarheid dink ons maar net ons doen wat ons wil. Ons ou mens onderwerp homself gewillig aan die seggenskap van die duiwel. En omdat die duiwel seggenskap oor ons natuurlike geaardheid het, is ons ou mens slaaf – slaaf van die duiwel en van die sonde.
Die nuwe mens wat deur die Heilige Gees in ons opgewek word, aan die ander kant, is daardie nuwe lewe waarin Hy ons begelei om hoe langer hoe meer die beeld van Christus te vertoon. Hierdie nuwe lewe word gekenmerk deur die vreugde en blydskap in die Christen se lewe. Die vreugde en

blydskap van die Christen is nie afhanklik van omstandighede nie, maar is gegrondves in God deur Christus. Daarom word die Christen se lewe ook gekenmerk deur die lus en liefde om die wil van God te doen.

As ons van die wil van God praat, bedoel ons dit wat God wil hê ons moet doen. En wat God wil hê ons moet doen, maak Hy bekend. Jesus vat God se wil kort saam wanneer Hy sê: die twee grootste gebooie is liefde – eerstens liefde vir God en tweedens liefde vir ons naaste. Wanneer ons dus by ons lewe van dankbaarheid kom, is liefde vir God en ons naaste die gesindheid waarin ons lewe. Liefde is nie opgeblase en kwaad nie. Liefde is nie daarop uit om seer te maak en te benadeel nie. Liefde hou nie eers boek van die onreg wat gely word nie. Liefde soek die voordeel van die ander een. Liefde wil help en dien en vriendelik wees. Maar liefde, vriendelikheid en vreugde is by God nie maar net blote gevoelens nie. Gevoelens is goed wat deur omstandighede maklik heen en weer geslinger word. Liefde, blydskap en vriendelikheid het by God 'n vaste fondament. Hierdie fondament is God se werk van liefde vir 'n wêreld wat dit nie verdien nie. Ons hoor van hierdie fondament in die voorwoord tot die Tien Gebooie.

Maar kom ons begin heel voor. Bykans vier duisend twee honderd jaar gelede het die Here vir Abraham uit sy geboorteland geroep. Met hom het God sy verbond gesluit. Vir hom het die almagtige God gesê: **Ek is die Here jou God en jy en jou nageslag sal my volk wees**. Sonder dat Abraham iets besonders gedoen het wat die Here sou kon oorhaal om iets vir Abraham te doen, het die Here self gekies om met Abraham en sy nageslag 'n verhouding aan te gaan.

Telkens in die geskiedenis het God hierdie verhouding, sy verbond met Abraham, met die nageslag bevestig. Isak en Jakob hoor ook die verbondswoorde van God. Vir hulle sê Hy ook: Ek is julle God en julle sal my volk wees. Onder die seënende hand van God word Jakob die vader van twaalf seuns. Maar die seën van die Here beteken nie 'n lewe sonder hindernis nie. Inteendeel, die Here bring in die lewe van die familie van Jakob 'n hindernis. Deur die Here se hand kom daar hongersnood in Kanaän sodat Jakob en sy hele familie na Egipte toe moes verhuis waar Hy reeds deur Josef vir hulle 'n plek voorberei het. Daar in die Egiptenare se land, maar afgesonder van die Egiptenare, sou Jakob se familie, die nageslag van Abraham tot 'n volk groei.

Vir vier honderd jaar sou die Israeliete in Egipte bly. In hierdie vier honderd jaar het die Here sy seën oor die nageslag van Abraham gebied. Jakob se familie het tot 'n volk van duisende in getalle gegroei. Maar hulle het dit nie vir al vier honderd jaar so gemaklik gehad nie. Teen die einde van hierdie vier honderd jaar was daar in Egipte 'n koning wat niks meer van Josef en Jakob-hulle geweet het nie. Toe bewerk die Here weer 'n hindernis. Die farao van Egipte het net gevaar gesien in die groot getalle Israeliete. Daarom laat hy hulle slawewerk doen met die bedoeling dat hulle nie meer so baie kinders sou hê nie. Maar waar die Here sy seën gebied, kan geen mens 'n stok voor steek nie. Die Israeliete het nog meer geword ondanks die slawewerk. Toe word die farao wreder. Hy beveel dat al die pasgebore seuntjies doodgemaak moet word.

Vir Israel het dit benoud geword. Hulle het gekla en gekerm oor die nood wat hulle nou getref het. En God het hulle gekla gehoor en aan sy verbond met Abraham gedink, sê die Here vir Moses. Daarom stuur die Here vir Moses terug na Egipte om sy volk uit Egipte te lei. Israel moet nou na die beloofde land gaan, want God het Kanaän as die land van Abraham se nageslag aan Abraham belowe. Maar in plaas daarvan om hulle met die snelweg, al langs die kus te laat optrek tot in die beloofde land, lei die Here hulle eers na die berg Sinaï. Abraham se nageslag moet ook die verbondswoorde hoor. Hulle moet ook hoor dat die Here hulle God is en dat hulle sy volk sal wees.

Geliefdes, die Here bewys met sy dade dat Hy vir Israel God is. Hy lei hulle deur Moses veilig uit die slawerny uit. Omdat Hy hulle God is en Hy 'n verbondsverhouding met hulle het, moet hulle ook weet hoe hulle sy volk sal wees. Hulle moet hoor wat sy wil is. Daarom gee Hy die Tien Gebooie waarin Hy

uiteensit hoe hulle as sy volk sal lewe.

Maar die Here begin nie dadelik met die Tien Gebooie nie. Hy gee eers ŉ voorwoord: **Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte uit die plek van slawerny bevry het**. Sonder hierdie voorwoord sal ŉ mens een van twee foute met die wet van God kon maak. ŉ Mens kan aan die een kant vra: Hoekom word ons aangesê om al hierdie moets en moenies na te kom? Ons is mos mense wat vir onsself kan dink. En in die dae waarin ons lewe, is daar meer en meer mense wat gesag verwerp. Hulle wil self besluit wat hulle gaan doen, want hulle beleef wette en reëls as bande wat hulle wil vashou en hulle daarvan weerhou om mens in eie reg te wees. Of ŉ mens kan, aan die ander kant, maak soos die Fariseërs gedoen het. Alhoewel hulle die voorwoord tot die Tien Gebooie geken het, het hulle gemaak asof dit nie daar staan nie. Hulle het die wet verafgod. Hulle het die nakoming van die wet die sleutel tot verlossing gemaak in plaas daarvan om dit te hou as die sleutel tot dank vir die verlossing.

In die voorwoord tot die wet sê God wie Hy is. **Ek is die HERE jou God ...** Die Naam van God wat ons hier met *HERE* in hoofletters vertaal, is God se Verbondsnaam. Met hierdie Naam sê die Here vir Abraham se nageslag dat Hy nog steeds dieselfde God is wat met hulle vader Abraham ŉ verbondsverhouding begin het. Hy het belowe om Abraham en sy nageslag se God te wees, hulle te beskerm en te versorg. Die Here kom sy belofte na. Hy is die Here hulle God wat hulle uit Egipte uit die plek van slawerny bevry. Dit is nie Moses wat hulle uit Egipte bring nie. Die Here verlos sy volk en Moses is maar net die instrument.

Met die voorwoord sê die Here watter liefdeswerk Hy vir sy volk doen. Hy gee die fondament waarop die liefde, blydskap en vriendelikheid van sy volk moet berus. Omdat God sy liefde aan Israel betoon het, gaan hulle sy Naam heilig, Hom alleen as God dien en eer. Israel gaan God liefhê omdat Hy hulle eerste liefgehad en verlos het. Verder gaan Israel ook hulle naaste liefhê deur nie te steel of te moor of te skinder nie omdat God hulle liefhet ondanks hulle swakhede en tekortkomings.

Hoor u, geliefdes, die liefde vir God en die naaste, die vreugde en blydskap het ŉ vaste fondament vir Israel. Wie egter nie hierdie wil van God gehoorsaam nie en wie die wet verafgod, verwerp die daad van God se liefde en genade en verlossing. So ŉ mens skeur homself los van die Here omdat hy wil maak soos hy wil of omdat hy met sy gehoorsaamheid aan die wet dink hy gaan homself verlos.

Nou ja, kan iemand sê, dit is ŉ mooi verklaring hoekom Israel van ouds die Tien Gebooie moes gehoorsaam. Wat het dit nou vandag met ons te doen? Ons was tog nooit in Egipte nie en ons was ook niemand se slawe van wie God ons moes verlos soos vir Israel nie. Dit is heeltemal reg, broers, susters en kinders, ons was nie in Egipte nie en ons was nie farao se slawe nie. Maar kom ons luister na die voorwoord tot die wet vanuit die Nuwe Testament.

Ons bely tog dat ons die ou mens in ons moet afsterf. En ons weet ook wie hierdie ou mens is. Hy en sy is die slaaf van die sonde omdat dit ons natuurlike geaardheid is om aan die duiwel gehoorsaam te wees. Maar as ons nog so bietjie verder teruggaan in ons Kategismus sal ons onthou dat ons ook kennis van ons eie sondige self gekry het. Toe daar gevra is: **Waaruit ken jy jou sonde en ellende?** het ons geantwoord: **Uit die wet van God**. Ons het toe al bely dat die wet liefde vir God en liefde vir ons naaste van ons eis. Verder het ons ook bely dat ons nie die wet ten volle kan nakom nie omdat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Ons is diep in ons menswees eintlik vyande van God. Omdat ons sondaars is, is ons nie gepla oor God nie en oor ander mense is ons nog minder gepla. Solank ons maar net kan kry wat ons wil hê, maak ander mense nie vir ons saak nie. Geliefdes, dit is wat hierdie vyandigheid teenoor God vir ons inhou.

Maar sonde is nie maar net iets wat ŉ mens so af en toe doen nie. Sonde is ŉ lewenswyse, want dit is iets wat ons van ons heel eerste ouers af erf. Ons word met ŉ vyandige gesindheid gebore. So ŉ

lewenswyse is eintlik ŉ gedoemde lewe. Dit is alleen maar ŉ voortbestaan, ŉ geestelike doodsheid wat tot die finale en ewige dood sal lei. Iemand wat die Gees van God nie het, nie in God glo nie, kan niks anders behalwe die sonde doen nie. En so ŉ mens is dan in werklikheid ŉ slaaf van die sonde en onder die heerskappy van die Satan. Wat ŉ ellendige toestand! En so was ons almal.

Nou hoor ons die Heilige Gees ons oproep in die woorde van Paulus: **Op grond van die groot ontferming van God: gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is**. Geliefdes, ons verlossing uit hierdie ellendige lewenswyse van vyandskap en slawerny is in die woorde **groot ontferming van God** opgesluit. Die almagtige, heilige God het Hom oor ons ontferm. In sy Seun Jesus Christus het Hy na ons toe afgebuk. Ondanks ons vyandskap en haat teenoor Hom het Hy sy Seun mens laat word. Jesus Christus het ons vyandskap en haat op Hom geneem en die finale en ewige dood van ons af weggeneem deur in ons plek die straf op die sonde te dra. Deur die geloof wat die Heilige Gees in ons werk, kan ons ook die woorde van God hoor: Jy is vrygespreek. Jesus Christus het ons met sy kosbare bloed losgekoop van die heerskappy van die Satan en die sonde. Ons was nie in Egipte farao se slawe nie, maar Jesus Christus het ons bevry uit die slawerny van die sonde en die duiwel.

Daarom laat God tot vandag toe die voorwoord tot sy wet saam met sy wet aan ons afkondig. Ons liefde vir God en vir ons naaste, ons blydskap en vriendelikheid het ook ŉ vaste fondament, naamlik die liefdeswerk wat God in Christus gedoen het. Die Tien Gebooie is ook vir ons vandag die wyse waarop ons volk van God sal wees omdat Hy ons God is.

Omdat God ons deur Jesus Christus verlos het en omdat die Heilige Gees die liefde van God in ons harte indra met die woord van die Here, kan ons ook nie anders nie: ons gaan God liefhê. Ons gaan Hom alleen dien en vertrou. Omdat ons Hom liefhet, gaan ons sy heilige Naam eerbiedig en nie laster nie. Omdat God ons liefhet, gaan ons ons naaste ook liefhê. Ons gaan uit liefde nie steel of moor of skinder nie. Die liefde doen nie sulke dinge nie. Die liefde soek die eer van God en die voordeel van die naaste. Die liefde vind ŉ lus en ŉ vreugde daarin om aan God gehoorsaam te wees.

En nou is dit ook nie maar net ŉ af en toe se gehoorsaamheid aan God nie. Omdat God Hom oor ons ontferm het, gaan ons onsself **aan God gee as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is**. Deur die heiligende werk van die Heilige Gees gaan die nuwe mens in ons al duideliker word. Christus se beeld gaan al helderder in ons vertoon, want ons gaan toegewyd onsself daarop toespits om die liefde vir God en vir ons naaste uit te leef.

Geliefdes, mag die aanhoor van die voorwoord tot die wet nie maar net leë woorde vir ons word nie. In daardie woorde is die vaste fondament vir ons liefde vir God en vir ons naaste. As die voorwoord tot die wet vir ons ŉ werklikheid bly, sal die Tien Gebooie nie wette en reëls wees nie, ook nie ŉ afgod nie, maar God se riglyn vir ons lewe van liefde en dank ons lewe lank.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1, 2, 11

1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke͡en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:

2 Ek is die HEER, jou God en Koning, / wat uit Egipte jou bevry;
jou uitlei uit jou slaafse woning: / dien dan geen gode buiten My.

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade͡is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Oktober 2011